I INLEIDING

DORINGBOME

P J ROBBERTSE
Dept. Plantkunde, Univ. Pta.

INLEIDING

Die genus *Acacia* bestaan uit ongeveer 1200 verskillende spesies waarvan 128 soorte in Afrika en 45 soorte in suidelike Afrika voorkom. Ander lande waar die genus ook aangetref word, is Australië met ongeveer 800 soorte, Indië met 18 soorte, en Asië, Suid- en Sentraal-Amerika waar die res van die soorte voorkom. Die Suider-Afrikaanse soorte kan op subgeneriese vlak in twee groepe verdeel word, naamlik die subgenus *Acacia* met hofievormige bloeisels en stekelvormige steunblaardorings en die subgenus *Vulgares* met aarvormige bloeiwyses en haakdorings wat nie steunblare is nie.

SIMBIOSE BY DORINGBOME

Die meeste Suider-Afrikaanse soorte lewe in simbiose met 'n wortelbakterie wat knoppies aan die wortels veroorsaak. Hierdie bakterieë het die vermoë om atmosferiese stikstof te bind waardeur dit tot die beskikking van die doringboom kom. Die verskynsel bring mee dat doringbome in stikstofarm-gronde kan groei en vervul dan dikwels ook die rol van pionierplante in die ekologie.

Die meeste Suider-Afrikaanse Acacia-soorte lewe ook in assosiasie met 'n miersoort (*Crematogaster* sp.). Hierdie